Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 29 Junie 1949 Prys 3d. No. 32

# VOLK OPGESWEEP MET BLOTE TONEELSPEL

## STANDPUNT VERANDER SOOS WIEL DRAAI

**Die bohaai wat die opposisie in die afgelope week gemaak het oor die beperking van die besprekings in verband met die wetsontwerp op burgerskap het weereens 'n toonbeeld gelewer van die klug van die parlementêre stelsel. Teenoor die regering vereis die stelsel 'n opposisie wat alle maatreëls van die regering moet beveg, en nou is dit eienaardig om daarop te let hoe elke opposisie op sy beurt dieselfde proteste met groot verontwaardiging maak teen dinge wat hy as regering goedgepraat het.**

**En intussen dien dit alles om die volk teen mekaar onderling op te sweep. En dan loop die monde na albei kante oor van die noodsaaklikheid van volkseenheid!**

Toe die regering voorverlede week met die voorstel gekom het om die kwaadaardige agitasie van die opposisie in verband met die wetsontwerp op burgerskap in te kort, het opposisielede gebrul van demokratiese verontwaardiging. Die leier van die Verenigde Party, mnr. J. G. N. Strauss, het gesê dat die toepassing van die valbyl „'n baie buitengewone stap is" en dat die regering **„die gevoelens van die volk en die vrye regte van die parlement onder die voete vertrap"**. Senator Nicholls het dit 'n „pruisiese" stap genoem waarvan daar geen voorbeeld in die Britse Statebond te vinde is nie.

Sen. Brookes het as volg stoom afgeblaas: **„Ons parlementêre stelsel is vinnig besig om in 'n diktatuur omskep te word deur 'n politieke party."**

### AS DIE WIEL DRAAI

Met hierdie soort uitlatings is dan gehoop om die stemvee met genoegsame verontwaardiging teen die regering te vervul om in 'n volgende verkiesing teen hom te stem. **En as dit dan gebeur, sal dieselfde party wat nou oorgeloop het van verontwaardiging presies met dieselfde voorstel kom waarteen hulle nou so beswaar gemaak het.** Dan sal die nuwe opposisie weer die kiesers opsweep teen die „diktatoriale houding" van die regering. **Dit is geen voorspelling nie. Dit is klaar 'n feit. In 1946 het die huidige opposisie sonder die minste gewetenswroeging 'n soortgelyke voorstel ingedien. Onmiddellik was die destydse opposisieleier (tans Eerste Minister) op die voete met die volgende protes:**

„Die voorstel van die Eerste Minister om hierdie valbylmaatreël toe te pas het gekom soos 'n donderslag uit die bloue hemel. **Ons het almal gedink in hierdie raad dat die toepassing van die valbyl iets is wat agter die rug is in hierdie raad.** Al wat ek wil sê is dat die toepassing van die valbyl nie behulpsaam is vir die snelle afhandeling van werksaamhede van hierdie raad nie, en dit verpes die verhouding tussen die verskillende partye. **Daarom hoop ek dat hierdie geval die laaste sal wees wat ons vir baie jare sal beleef."**

### „GEWELD"

Die destydse opposisieleier het toe nog voortgegaan om uit te vaar teen die valbyl en gesê dat 'n onpopulêre maatreël **„met geweld deurgedruk word met die modder wat aan die maatreël kleef."**

Mnr. S. E. Warren het namens die opposisie gesê: **„Ek beskou hierdie mosie as 'n verkragting van regte van lede van die Huis."** En toe het hy hierdie profetiese woorde daaraan toegevoeg:

**„Môre en oormôre kan hy (die regering) in die opposisie sit, en as hierdie voorstel dan ingedien word, hoe sal hy daaroor voel, en watter beswaar kan hy dan daarteen maak?"**

### HEELWAT ANDERS

Vandag weet die volk hoe die nuwe opposisie voel oor sy destydse voorstel in die mond van die nuwe regering, maar hoe hy destyds daaroor gevoel het, kan afgelei word uit die volgende vergelyking van 'n V.P.-lid, dr. Eksteen:

„Waarom die saak nodig is, is omdat die saak nou al vir 'n hele dag bespreek is, en as ons geluister het na die argumente van veral die lid van Boshof, dan kon ons nie anders as tot die gevolgtrekking kom dat dit net verkwisting van tyd was nie. **Die hele doel was om die wetsontwerp te dwarsboom en om tyd te vermors. Daarom is die valbyl nodig."**

Die valbyl is so pas weer ingevoer deur die regering wat in 1946 die opposisie was, en hierdie keer het die Eerste Minister (toe opposisieleier) die beginsel as volg verdedig:

„Dit is 'n navolging van die prosedure wat voorheen in die raad gevolg is wanneer debat-

(Vervolg op bls. 8 kol. 5)

# ELFDE VERJAARDAG OP 8 AUGUSTUS

**„Op 8 Augustus word die elfde verjaardag van die Ossewabrandwag gevier. Elf jaar van stryd en sware opofferings lê agter die rug. Maar opofferings wat gebring is vir 'n volk en sy ideale is nooit tevergeefs nie. Dit is soos 'n versekeringspolis waarvan die premies jaar na jaar betaal is en uiteindelik word die bedrag met volle rente getrek. Die enigste fout wat kan kom, is wanneer ons ophou om te betaal — ophou om ons offers te bring vir ons volk. Dan is alles tevergeefs wat in die verlede gedoen is; maar dit hang van onsself af." So lui 'n oproep wat vandeesweek uitgaan van die hoofkwartier van Gebied A.**

„Ook hierdie jaar verg sy paaiement op die pad na ons toekoms — die toekoms van 'n Afrikaanse republiek wat nie net vry sal wees van enige buitelandse band nie, maar ook vry van alle vreemde instellinge wat ons volk tot politieke magteloosheid en ekonomiese knegskap dwing.

„Vir bykans 150 jaar het ons volk op hierdie vryheidspad beweeg na sy bestemming. Dit is hom elke keer weer deur vreemde hand ontneem. Vandag is dit die Ossewabrandwag wat hierdie taak suiwer en onbevreesd voortsit — is dit die Ossewabrandwag wat die paaiemente vir volksvryheid betaal.

**„Ook hierdie jaar gaan ons dit betaal deur die instandhouding van die Ossewabrandwag as vegeenheid vir die toekomsideale. Op 8 Augustus gaan ons die nodige middele weereens verskaf om die vryheidsvuur wat ons op 27 Februarie aangesteek het, brandend te hou."**

## NOG 'N L.V. OORLEDE

Dië sewende volksraadslid sedert die algemene verkiesing is die afgelope naweek oorlede. Hy is mnr. T. W. Osborn, Arbeider-L.V. vir Benoni. Hy was 44 jaar oud en 'n baie bekwame spreker.

# OU RAADSAAL WORD NA UITERLIKE ALLIG WEER REPUBLIKEINS

**Die vergadersaal van die Republikeinse Volksraad waar daar geen politieke partye was nie, sal waarskynlik in sy oorspronklike vorm herstel word indien die Ou Raadsaal in Pretoria tot historiese monument verklaar word.**

**Die saak is onlangs te berde gebring op die vergadering van die Transvaalse Provinsiale Raad toe dr. T. Wassenaar oor die saak gepraat het.**

As dit gebeur sal die oorspronklike voorsitterstoel, wat nog in gebruik is, in die middel aan die linkerkant, agter die teenswoordige opposisiebanke kom. **Die banke vir die lede sal dan weer soos in die ou dae in die vorm van 'n perdehoef voor die voorsitterstoel gerangskik word.**


Die oorspronklike lessenaars is tot onlangs deur die stadsraad van Germiston gebruik. Dit sal waarskynlik kan gebeur dat die oorspronklike stukke van die stadsraad terug gekry kan word. Die stoele waarop die opposisie-lede tans sit, is dié wat in die dae van die Republiek gebruik was. **Maar toe was daar geen „opposisie" nie.**

**Hierdie voorneme van die Transvaalse Provinsiale Raad is baie welkom. Dit is 'n bespotting van die geskiedenis dat hierdie raadsaal, wat in sy republikeinse dae ingerig was om die leuse „Eendrag Maak Mag" ook in sy opstelling uit te druk, sedert 1902 ingerig was om die oorwinnaar se leuse „Verdeel en Heers" te beliggaam.**

**Dit is egter hoog tyd dat nie net die uiterlike vorm nie, maar ook die inhoud van die republikeinse stelsel ten volle herstel word. Om nog 'n „amptelike opposisie" te hê binne 'n rangskikking wat spreek van eenheid is miskien nog 'n groter bespotting as die huidige.**

## Republikeinse Raadsaal

**Die ou Raadsaal van die Transvaalse Republiek waar geen amptelike opposisie, bestaan het nie was so ingerig dat die volksraadslede 'n eenheid gevorm het — in teenstelling met die Britse partystelsel wat ons vandag volg, waar die banke vir die „regering" en „opposisie" teenoor mekaar opgestel is. Eersgenoemde stelsel het gespreek van eenheid — laasgenoemde spreek van verdeeldheid. Kyk ook berig oor moontlike herstel van die Ou Raadsaal**



## Na Verhouding 3 Maal Meer Britte Na S.A. As Na Kanada

**Terwyl Britse immigrante in Suid-Afrika, waar die bevolking oorwegend Afrikaans is, oor die afgelope paar jaar nagenoeg 90 persent van die totale immigrasie uitgemaak het, is Britse immigrante ver in die minderheid in Kanada waar die bevolking oorwegend Engelssprekend is.**

**Van die 125,603 immigrante wat in die tydperk van een jaar sedert Maart 1948 Kanada binnegekom het, was slegs 40,015 afkomstig uit Brittanje, dit wil sê ongeveer 32 persent. Die res het bestaan uit ander nasionaliteite, onder wie 10,000 Hollanders en 7,000 Amerikaners. Pole en Ukraïners was sterk verteenwoordig.**

# BRITTANJE BETAAL NOG GELD TERUG

Die Unie het reeds £45,000,000 van sy goudlening van £80,000,000 aan Brittanje in sterling terug gevra. Hiervan is £5,000,000 die afgelope week betaal.

Die Minister van Finansies het die afgelope week verklaar dat hy sal sorg dat die res van die goudlening nie uitgeput raak nie. Voordat hy dit toelaat, sal hy eerder sorg dat die invoer verminder word. Hy het ook die moontlikheid van 'n lening by Engeland in die vooruitsig gestel.

Daar moet ook verwag word dat die Unie se goudreserwe binne die tweede helfte van die jaar vinnig sal daal. Dit sal net tydelik wees as gevolg van die aankoms van masjinerie vir Yskor en die goudmyne waarvoor betaal moet word.

Mnr. Havenga het ook aangekondig dat die oorskot vir die afgelope geldjaar £6½ miljoen sal wees in plaas van £7½ miljoen soos oorspronklik geskat is.

# O.B.'s BYEEN

'n Goed bygewoonde O.B.-vergadering waar verskeie buitestaanders aanwesig was, is op 16 Junie aan huis van mnr. T. van der Spuy, Kingsweg, Ysterplaat, gehou. Genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier in Wes-Kaapland, het die aanwesiges toegespreek oor die Ossewabrandwag se republikeinse strewe.

Baie persone het vrae gestel om duidelikheid oor die strewe te kry en waar dit verskil met dié van ander politieke groepe.

# JODE STEEK WEER VINGER IN PAAI VAN ONDERWYS

**Die kongres van die Joodse Raad van Afgevaardigdes in Suid-Afrika het 'n paar weke gelede dit nodig geag om weereens die berugte Beit-Wernher-formule, wat ook opgeneem is in ons Onderwyswet en bekend staan as die „gewetensklousule", te proklameer as beleid vir ons skole. Die kongres het ook sy dank uitgespreek jeens die Eerste Minister vir sy persoonlike versekering aan 'n Joodse afvaardiging dat die regering 'n beleid van geen diskriminasie ten opsigte van die Jode voorstaan.**

**„Geen diskriminasie" beteken vir die raad in hierdie verband o.a. dat daar geen navraag gemaak mag word na 'n onderwyser se godsdienstige oortuiging nie.**

Soos 'n tyd gelede in Die O.B. berig is, is die Universiteitswet van 1913 indertyd aan twee Londense Jode voorgelê vir goedkeuring in ruil vir 'n halfmiljoen pond wat deur die twee Jode, Otto Beit en Julius Wernher, aan die Universiteit Kaapstad geskenk is. Hierdie skenking het geskied in gevolge sekere vertoë wat deur genl. Smuts aan die betrokke Jode gerig is. **Watter beloftes genl. Smuts aan hierdie skenkers gemaak het, is nie bekend nie, maar toe die wetsontwerp in 1913 opgestel is, is dit eers vir goedkeuring aan Beit en Wernher in Londen voorgelê wat sekere wysigings daarin aangebring het. Die belangrikste wysiging was dat daar nie 'n bepaling ten opsigte van tweetaligheid moes wees nie en dat uitdruklik bepaal word dat geen godsdienstige oorwegings in die hoër onderwysinrigtings mag geld nie: „Niemand mag op enigerlei wyze aangaande zyn gesdienstig gezindheid getoets worden als voorwaarde om een gegradueerde van de Universiteit, of professor, of lektor of docent of student van de Universiteit te worden. . . . ."** het die betrokke artikel gelui, wat later onveranderd opgeneem is in die wet van 1916 en 1926.

## VOLKSPROTES

In die laasgenoemde jaar het daar 'n geweldige protes van die Afrikanervolk uitgegaan. Kongres na kongres van die Nasionale Party het eenparige of feitlik eenparige besluite geneem ten gunste van die verwydering van die Joodse klousule. Hierdie proteste het egter doodgeloop teen die verset van die destydse Minister van Onderwys, dr. D. F. Malan, wat volgehou het dat daar nie teen Jode, wat ook burgers van die land is, gediskrimineer kan word nie.

## ONTWAKING

Na byna veertig jaar van hoër onderwys waarin alle godsdiens deur die wet verban is, het daar in die jongste tyd 'n nuwe ontwaking by die volk gekom. 'n Jaar gelede het die F.A.K. 'n brosjure die lig laat sien waarin Christelik-nasionale onderwys bepleit word vir die Afrikanerkind — **dit wil sê, 'n onderwys wat in ooreenstemming sal wees met ons volkstradisie in teenstelling met die Brits-Joodse tradisie wat vir die afgelope veertig jaar gevolg is.** Dadelik het individuele persone wat òf vyandiggesind is teen die godsdiens òf deur die kleurlose onderwysinrigtings dermate verwater is dat hulle nie meer hul eie tradisie herken nie, te velde getrek teen die brosjure. Aan die begin van die jaar het die Verenigde Party die geïsoleerde weerstand opgevang en ingelyf by sy verkiesingsprogram. Daarmee is van die hele aangeleentheid 'n partypolitieke getwis gemaak — altans so het dit gelyk. Maar in teenstelling met wat anders die geval gewoonlik is, het die H.N.P. nie die handskoen vir die C.N.O.-gedagte teenoor die V.P. opgeneem nie. Die party het hom uitdruklik daarvan gedissosieer.

## DIE REDE?

Wat die rede hiervoor is, is nie duidelik nie, veral nie wanneer in aanmerking geneem word dat verskillende van die kabinetslede gehelp het met die formulering van die C.N.O.-beleid soos deur die F.A.K. uitgegee nie. Uit die besluite van die Joodse Raad wil dit egter nou lyk of die Jode weereens 'n vinger in die paai gehad het deur te sorg dat hulle 'n versekering ontvang dat daar nie teen hulle gediskrimineer sal word nie. Moontlik het hulle hulle beroep op die Eerste Minister se standpunt van 1926-'27 toe hy geweier het om hul klousule op aandrang van die Nasionale Partykongresse uit die wetboek te skrap.

## BESLUITE

'n Verslag in die Jewish Herald van 3 Junie in verband met die besluite van die Joodse Raad op sy onlangse kongres lui woordeliks as volg:

„Die kongres spreek ook sy dank uit vir die versekering deur die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, aan 'n afvaardiging gegee dat die regering 'n beleid voorstaan van geen diskriminasie teenoor Jode in Suid-Afrika nie.

„Die kongres het ook die volgende besluite ten opsigte van godsdienstige onderrig in staatskole aangeneem:

„Terwyl hy die feit erken dat godsdiensonderrig 'n integrale deel van die staatskole se leerplanne uitmaak, **beklemtoon hierdie kongres die belangrikheid van die versekering van die beginsel dat geen persoon onderhewig gemaak mag word aan 'n toets van godsdienstige geloof as voorwaarde vir sy toelating òf as leerling òf as onderwyser in enige staatsonderwysinrigting of dat teen enige onderwyser of leerling op grond van sy godsdienstige oortuiging bevooroordeel of gediskrimineer word nie.**

**„Die kongres spreek dit as sy oortuiging uit dat die handhawing van die huidige onkerklike onderwysstelsel van ons staatskole noodsaaklik is ten einde die regte van lede van alle sektes te verseker en om die invloed van die skool as 'n verenigingsfaktor in ons volkslewe te bewaar."**

## ONDULDBAAR

Dit is 'n toestand wat die Afrikanervolk in hierdie feesjaar wanneer 'n monument onthul sal word ter ere van sy voorgeslagte, nie langer kan duld nie. **Daar kan nie langer toegelaat word dat 'n klein klompie nie-Christene aan die volk voorskryf watter gees sy onderwys mag adem nie. Die taak van die onderwys, behalwe om die nodige opleiding te verskaf, is ook om 'n nageslag te kweek wat die geestesgoedere van hul vaders sal bewaar.**


## OOK IN AMERIKA

**Dit is opvallend dat Amerikaanse Jode net so 'n wakende oog oor die Amerikaanse skole hou om alle godsdiens daaruit te weer.** So byvoorbeeld is alle Jode en „verligte gemeenskapsleiers van alle gelowe" deur 'n Joodse blad in Amerika opgeroep om toe te sien dat Kersfees nie weer hierdie jaar in die skole gevier mag word nie. Die blad (B'Nai B'rith Monthly) skryf in sy Februarie-uitgawe: **„Tydens die onlangse kersseisoen is baie Joodse ouers seergemaak deur die jaarlikse verskynsel dat laardie godsdienstige feesdag in ons openbare skole gevier word.** Gedurende skoolure, in openbare skoolgeboue is vertonings en toneelstukke deur die leerlinge opgevoer wat die geboorte van Christus voorgestel het. **Dit is 'n duidelike verbreking van die beginsel van skeiding tussen staat en kerk. . . . Ons hoop dat verligte gemeenskapsleiers van alle gelowe wat verklaar dat hulle hierdie beginsel huldig, vanjaar betyds sal toesien dat dit in die openbare skole van ons land nie weer soos verlede Desember verbreek sal word nie."**

Hierdie ontkerstening van ons onderwys deur 'n minderheid van ses persent van die bevolking, toon slegs hoe noodsaaklik die invoering van 'n stelsel is soos voorgestel deur die F.A.K., waar enersdenkendes hul eie skole kan hê.


Probeer dit!

VIR OË-TOETS




Skat of lyn B of lyn C 'n verlenging van lyn A is.

VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuif intrek nie, blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuif, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sag geurig rokie u van Kommando kry. (Antwoord op oë-toets: lyn B voltooi lyn A.)




Kommando

DIE VRIENDELIKE SIGARET

10s, 20s, 50s, met of sonder kurk.

GI.3003


# DAHA SE HULP AAN DUITSLAND

Daha is vandag in Duitsland 'n sinnebeeld van Suid-Afrikaanse hulpvaardigheid, het mnr. E. G. Blohm, sekretaris van Daha verlede Dinsdagaand op Stellenbosch verklaar toe hy 'n vergadering in die Murraysaal toegespreek het.

Sedert die stigting van die organisasie is voedsel en klerasie ter waarde van nagenoeg £800,000 reeds na Duitsland gestuur. Die pakkies het onder meer bevat 150,000 paar skoene en 21,000 komberse. **Per hoof van sy bevolking staan Suid-Afrika heel bo aan die lys van die lande wat hulp verskaf.**

**Mnr. Blohm het gesê dat hulp in Duitsland nog dringend nodig is. Die nood is nog net so groot soos vier jaar gelede. Die hulp moet ook uitgebrei word na Russies-Duitsland.**

Van die hulp wat Daha verleen, is 80 persent van Afrikaners afkomstig.

Gedurende die aand is twee rolprente oor werk wat Daha verrig, vertoon.

# „Ich Hatt' Einen Kameraden"

'n Kransie op die graf van Ernst von Elling.

Met 'n tragiese voorval in Noord-Transvaal het 'n selflose en onverskrokke stryder in ons geledere die lewe moes inboet.

Een van die jong manne wat alles op die altaar gelê het in die stormagtige jare van 1939 tot onlangs — een van diegene wat 'n lang tyd voortvlugtig was en eindelik etlike van sy jong lewensjare agter die gryse sementmure van Pretoria-Sentrale Gevangenis moes slyt, was Ernst von Elling 'n minsame en besielende man en vriend.

Baie wat die vuurproef moes deurmaak, sal dit as een van die voorregte van hul lewens beskou dat die lot hul lewenspad met dié van Ernst von Elling laat kruis het en enige jare lank, tot sy ontydige heengaan, laat saamvloei het.

Sy asse ruste in vrede!

**Hans van Rensburg.**

Parys,
16 Junie 1949.

***Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."***

DIE O.B., WOENSDAG, 29 JUNIE 1949

# AMPSLUI IN ROL VAN DRANKADVERTENSIE

Nou dat Indië aan Suid-Afrika voorgehou word as voorbeeld in die bewandeling van die vryheidspad — ons volg nou die pad van Indië in plaas van die pad van Ierland wat ons voorheen wou volg — sal dit miskien ook nie onvanpas wees om Indiese voorbeelde op ander terreine van die lewe voor te hou nie — „gee die duiwel wat hom toekom," lui die spreekwoord.

Die regering van Wes-Bengale het 'n waarskuwing aan staatsamptenare uitgereik waarin hulle versoek word om nie in die openbaar sterk drank te gebruik nie. „Hulle moet hulle daarvan weerhou om sterk drank te bedien op amptelike of half-amptelike funksies wat deur hulle gehou word of om sulke drank in openbare plekke te gebruik," lui die opdrag.

By die lees van hierdie woorde spring 'n reeks foto's in koerante en tydskrifte 'n mens voor die gees wat in die jongste tyd aan die Suid-Afrikaanse publiek opgedis is. Dit is foto's van die een sosiale funksie na die ander wat deur Ministers en hoë ampslui bygewoon word met glasies in hul hande.

**Daar is bose magte op 'n wye front aan die werk met die doel om die volksmoraal te ondermyn. Ons vind hierdie bose werkinge nie net op sedelike en kenomiese gebied nie, maar ook op die gebied van die kuns — in beeld en musiek. Dit mag bloot toevallig wees maar dit mag ook 'n openbaring van hierdie ondermynende bedrywighede wees dat sedert die Nasionale regering bewind aanvaar het, daar nouliks 'n week verbygaan dat die een of ander koerant nie 'n foto bevat waarop 'n paar Ministers of 'n Minister en 'n paar hoë ampsbekleders met glasies in die hand staan nie.** Dat sommige van hierdie foto's sonder bose bedoelings in die pers gekom het, is te begrype — voorbeelde trek en as hierdie soort poserings eers deur een koerant se fotograaf aangegryp is as 'n „aksie-foto" steek die gedagte baie maklik verder aan in onskuldige kringe.

### VERKEERDE VOORBEELD

Dit is dan ook 'n feit dat Afrikaners begin mompel oor hierdie „society-vertoon" met glasies in die hand. Dat hierdie voorbeeld wat deur ons hoë regering gestel word, diep ingetrek sal word in minder standvastige kringe, en op die jeug van die land se gemoed 'n onuitwisbare indruk moet maak van wat belangrike mense nou doen as hulle „plegtig bymekaar kom", lê so voor die hand dat daarop nie verder voortborduur hoef te word nie.

Ons wil hoop dat Ministers oor hierdie saak sal nadink. Daar is mense wat diep bekommerd is oor die toename van drankgebruik onder fatsoenlike mense, en stemme gaan op teen al die uitheemse drankpartytjies wat vandag deel uitmaak van die „sosiale lewe", en ons kan nie juis dink aan 'n groter advertensie vir hierdie euwels nie as wanneer kabinetsministers week na week in die pers ten toon gestel word met 'n breë glimlag oor die gesig en 'n glasie stewig omhoog tussen die vingers.

As ons nou nie so „eng" wil word soos die regering van Wes-Bengale om 'n verbod te plaas op drankgebruik by geleentheid van sosiale funksies waarby openbare persone betrokke is nie, laat ons dan ten minste probeer om dan nie as glimlaggende advertensies te poseer vir die genieting van sterk drank voor 'n baie gemengde bevolking nie.

# Regering Moet Keer

Daar sal seker min mense in Suid-Afrika wees wat in hierdie stadium van die na-oorlogsjare genoeë daarmee neem dat Duitsland op grond van hartstogte wat in Potsdam se oorwinningsroes geheers het, nou nog geplunder word, **veral waar van alle kante erken word dat die kragtigste wapen wat Rusland hoop om in hande te kry juis ekonomiese ontwrigting in die Weste is.** In die afgelope weke is daar berig van Duitse verset teen die dwase en kwaadwillige aftakeling van sy nywerhede wat nie as suiwer oorlogsnywerhede kan deurgaan nie. Van Britse kant is daarop geantwoord met gewapende opbreking van die teenstand. **Dit is bekend dat Amerika reeds baie afgekoel het sedert Potsdam en dat bloot op sy aandrang en dreigemente die Britse regering ingewillig het om van 'n deel van hul plundering af te sien.** Nogtans beroep die Britse regering hom nog steeds op sy woord aan die Russe te Potsdam gegee as motief vir sy aftakelingsbeleid wat deur alle waarnemers van ekonomiese en wêreldtoestande as gevaarlik vir Europese veiligheid beskou word.

In 'n brief wat in Die O.B. verlede week verskyn het, is in hierdie verband deur 'n leser aangevoer dat Suid-Afrika as lid van die Statebond waarin Brittanje die senior vennoot is, deel van die verantwoordelikheid vir hierdie misdadige beleid moet dra. Dit is 'n standpunt wat nie sonder meer opsy gestoot kan word nie. **Die Unie het wel deeglik op Britse aanhitsing aan die oorlog deelgeneem en dra op grond**

(*vervolg in volgende kolom*)

(*vervolg van vorige kolom*)

**daarvan mede-verantwoordelikheid vir enige vredesreëling.** Dat Europa vandag ontwrig word op grond van die dwase en haatdraende samesweerdery in Potsdam onderwyl die hele wêreld sidder voor die bedreiging van een van daardie samesweerders, is deel van Suid-Afrika se verantwoordelikheid. **En waar Suid-Afrika binne die Britse Statebond in die nouste betrekking tot Brittanje staan, moet die vraag gestel word wat van Suid-Afrikaanse kant gedoen word om hierdie kranksinnige beleid in Duitsland stop te sit. Rus daar nie 'n sedelike verpligting op die huidige regering om druk uit te oefen op die groter „suster" om af te sien van haar onchristelike gedrag en sodoende Amerika van binne af te steun nie? Het die regering nie 'n plig teenoor die Afrikanervolk om hierdie soort ding te laat beëindig veral waar ons reeds by voorbaat tot deelname aan 'n nuwe oorlog saam met Brittanje verbind is, en hierdie plundering van Duitsland juis ons kanse op oorwinning verduister nie?**

Dit is 'n saak waaraan die regering onverwyld aandag en uitvoering behoort te gee. **En onthouding van deelname aan 'n nuwe oorlog kan 'n kragtige pistool teen Brittanje se dwase kop wees.**

## *Hoe Kan Parlement Hervorm Word? (7)*

# SIEL VAN PARTYWESE SAL HOM ONTNEEM WORD

**In ons vorige artikel het ons die noodsaaklikheid van skeiding tussen die wetgewende en uitvoerende gesag of tussen volksverteenwoordiging en regering, beklemtoon as eerste stap om die parlementêre stelsel tot iets beters te hervorm. Daardeur sal die beginsel van volksregering suiwerder uitgeleef word in teenstelling met die algehele afwesigheid daarvan vandag.**

Tans word die volk nêrens verteenwoordig nie, soos in ons vorige artikels aangestip is. **Al wat verteenwoordig word is die party. Binne die koukus — die waghond oor die party se belange — word die party by die Ministers verteenwoordig.** Voordat die ministers wetgewing indien, word hulle deur die koukus van advies en kritiek bedien met die oog op wat skadelik vir die party sal wees en wat nie. Binne die nuwe stelsel sal die president en sy ministers deur die volksraad en gemeenskapsraad (kamer van beroepe) van advies bedien word in belang van die volk. **Waar die volksraad dus vandag 'n blote wetgewende stempel is — in sover hy nie dien as propagandaverhoog vir die partye nie — en die volk geen verteenwoordiging daarin het nie, dog net die partye, daar sal in die nuwe stelsel dubbele voorsiening gemaak word vir die volkstandpunt. Aan die een kant sal die volksraad daar wees om die nasionale of geestelike standpunt van die volk te verteenwoordig en langs hom, in die plek van die hedendaagse senaat — wat eintlik dien as 'n ou-manne-tehuis vir beroepspolitici — sal daar 'n kamer van beroepe wees wat die volk se stoflike belange verteenwoordig — mense met deskundige kennis van die verskillende bedrywe wat hulle verteenwoordig. Die beroepe kan ook aangevul word deur ander blywende lewenskringe uit die volk ten einde dit nog meer volksverteenwoordigend te maak.**

### PARTYPOLITIEK

Die vraag mag miskien nou gestel word of met so 'n stelsel die partypolitiek nog sal voortbestaan. Sal die volksraadslede wat gekies word nie maar nog volgens die ou partypolitieke voorskrifte gekies word nie, en wat van die president? Sal hy nie maar die kandidaat van een of ander party wees sodat die partystelsel maar nog steeds sal voortgaan met sy afbrekende werk en wisselgang tussen uiterste beleide nie?

**Ons meen dat die skeiding wat gemaak is tussen die landsbestuur of uitvoerende gesag en die volksraad die partystelsel as sodanig baie swaar sal verwond.** Soos in ons voorige artikels aangedui is die wese van die partystelsel dat die party as geheel en oor die hele linie, die landsbestuur oorneem, of as geheel in die snippermandjie gegooi word, waar hy dan opereer as teenvoeter of „opposisie" van die regering. Die regering of kabinet is op grond van hierdie geheelheid afhanklik van die meerderheidstem in die volksraad, en daarom is alle maatreëls in die eerste plaas partymaatreëls en eers in die tweede plaas volksmaatreëls. 'n Ding kan so goed of noodsaaklik vir die land wees as wat wil, maar as die koukus dit as skadelik vir die party bevind, sal dit nooit as wetgewing ingedien word nie.

### GEEN NOODSAAKLIKHEID

**As die regering nou 'n onafhanklike gesag is wat nie vereenselwig word met die volksraad nie, verdwyn in die eerste plaas al die noodsaaklikheid dat die regeringsondersteuners in die volksraad „uit een mond" moet praat.** Voordat wetgewing aanhangig gemaak word is dit nie nodig vir die betrokke minister om eers sy partykoukus te raadpleeg nie. Hy hoef slegs die president te raadpleeg om vas te stel of dit in belang van die land is of nie. Daarna kry die volksraad die geleentheid om die maatreël op sy verdienste te ondersoek. **Keur die volksraad dit af, ontstaan daar geen „krisis" nie, en is dit maar slegs 'n teken dat die volksmening nog nie ryp vir die nuwe stap is nie, of dat die maatreël nie in belang van die volk beskou word nie. Die volksraadslid sal nou nie langer by sy kiesers kan skuil agter die koukus nie. Hy sal tot verantwoording geroep kan word oor hoe hy gestem het.** Dit bring mee dat hy baie versigtig sal wees hoe hy stem of wat hy sê, veral daar hy ook geen beskerming van die regering kan verwag nie, indien hy 'n naprater van die regering sou wees. Dit is dan ook wat in Amerika gebeur waar so 'n skeiding wel bestaan. Dit gebeur dikwels dat Republikeine saam met Demokrate oor uiters strydwekkende maatreëls stem.

### ONTSIEL

In die tweede plaas sal die siel van die partywese uitgetrek word sodra dit nie meer vir iemand nodig en moontlik is om deur middel van die volksraad in aanmerking te kom vir 'n regeringsamp nie. **'n Lid veg dus nie meer vir homself deur vir sy party te veg nie. Daar is geen saamvallery en saamstanery nie, en eie verdienste sal 'n baie groter rol speel en daarmee groter persoonlike verantwoordelikheid meebring.**

### MENINGSVERSKILLE

Dit neem nie weg dat daar nog verskillende rigtings in die volkslewe sal bestaan waarvan die aanhangers in die volksraad oor sekere sake bymekaar sal wil stem nie. Sulke rigtings sal dan nog deur partyvorming sterker invloed wil uitoefen vir hul standpunt. **Maar sover dit die volksraad betref, sal ons dan hier bloot te doen hê met die strewe om sekere beginsels of ideale te bevorder, terwyl die hoofdoel van partyvorming vandag is om as party die bewind te verower.** Die party moet dus in sy huidige funksie beskerm word soos die mierkoningin, en geen kritiek op die party kan geduld word nie. Groep-standpuntinneming gaan dus hier nie om 'n saak in die eerste plaas nie, maar om 'n organisasie.

### VRYHEID OM TE STEM

In die nuwe stelsel sal dit aan byvoorbeeld 'n C.N.O.-groep geen saak maak as verteenwoordigers van daardie groep oor arbeidsaangeleenthede teenstrydige standpunte inneem en teen mekaar stem nie. Hul C.N.O.-**ideaal kan daardeur geen skade ly nie, en daarom sal 'n lid nie gedwing word om in alle sake saam met die ander te stem nie. Vandag is dit nodig omdat 'n party ten einde aan bewind te kan kom, 'n „program van beginsels" moet op stel wat alle lewensaspekte raak. Hierdie program bevat, behalwe sy opregte oortuiging, ook opportunistiese punte wat vir die stemvee in die verskillende bevolkingskringe uitgehang word. Dit is eintlik die partybybel en niemand mag daarvan afwyk nie, want begin jy torring aan een punt, rafel die hele partypropaganda uit.** So moes dr. Albert Hertzog by voorbeeld kort gelede doodstil sit en bloos in die volksraad toe die Minister van Mynwese dit as die regering se standpunt stel dat die myne nie genasionaliseer sal word nie. Kort tevore het dr. Hertzog nasionalisering aan die mynwerkers belowe, maar hy het nie gedurf waag om die Minister in die volksraad te weerspreek nie.

(Word vervolg)

# KOMMUNISTE MOET WEGBLY VAN ONDERWYS

„Lede van die Kommunistiese Party behoort nie as onderwysers aangeneem te word nie". So lui die verslag van die Amerikaanse kommissie wat ondersoek ingestel het na die Amerikaanse onderwysbeleid. Genl. D. Eisenhower is een van die lede van die kommissie.

Dit is die eerste keer dat daar sulke sterk taal teenoor die kommuniste in die onderwysberoep in die V.S.A. gebesig word. Die kommissie maak egter ook beswaar teen die verkeerde gebruik van die woorde „Rooi" en „Kommunis" vir mense wat glad nie Kommuniste is nie, maar wat anders oor sake dink as hulle politieke teenstanders.

# DEMOKRASIE WAAR KLEUR DOODVONNIS BEPAAL

**Toe die Unie se Buitengewone Ambassadeur, adv. C. te Water, onlangs 'n perskonferensie in Lissabon toegespreek het, het 'n aantal Amerikaanse joernaliste hom gevra of hy enigiets kan meedeel oor die kritiek wat daar gelewer word op die Unie se „swak" behandeling van die nie-blankes in die Unie. Adv. Te Water het hierdie joernaliste herinner aan die feit dat daar in die geskiedenis van die Unie nog nooit 'n geval van „lynching" plaasgevind het nie, terwyl daar jaarliks sulke moorde op negers in Amerika voorkom.**

„Lynching" is geen nuwe verskynsel in Amerika nie. Sedert 1898 tot 1907 is 932 gevalle aangemeld waar Amerikaners koelbloedig negers doodgeskiet het omdat hulle die wet oortree het ten opsigte van blankes. Sedert 1940 is 34 sulke gevalle aangemeld en gedurende die tien jaar wat 1940 voorafgegaan het, is 127 gevalle by die owerheid aangemeld.

Die Amerikaners, en veral die in die Suidelike State, maak daar sommer niks van om 'n neger wat hom vergryp het van die gras af te maak nie. Een van hierdie gevalle is 'n paar weke gelede in die staat Georgia aangemeld. Nadat daar moeilikheid tussen twee negers ontstaan het, het een van hulle gaan kla by die vrederegter. Hy het daarna die skuldige opgesluit, nadat laasgenoemde 'n skoot in sy rigting geskiet het. Onderwyl hy na die toneel van die moeilikheid teruggekeer het om sy pistool te gaan haal, het twee boere die vrederegter besoek en onder die indruk dat die negers hom in die opstootjie in die klub vermoor het, het hulle die sleutels van die selle geneem en een van die gevangenes 'n end weggelei en hom 'n koeël deur die kop gejaag.

**JURIE VREES WRAAK**

Hoe sterk die rassewrywing in Amerika is, blyk ook uit die feit dat selfs die jurie wat hierdie „lynchers" moet verhoor, bang is om die beskuldigdes skuldig te vind omdat hulle publieke wraak vrees.

So 'n geval het verlede jaar in Suid-Carolina plaasgevind waar 'n persoon wat erken het dat hy 'n neger uit weerwraak vermoor het, deur die jurie onskuldig bevind is omdat hulle openbare verset gevrees het. Die jurielede het almal tot die suidelike state behoort. Toe hulle hul bevinding bekendmaak, het die regter hulle met verbasing aangekyk, maar geswyg.

Verlede jaar is 'n boer in Georgia deur 'n neger vermoor. Die neger is in hegtenis geneem en opgesluit. 'n Aantal boere het hulle egter vermom en die bewaarder gelas om die neger aan hulle te oorhandig. Slegs die feit dat daar hulp opgedaag het, het die neger van 'n gewisse dood gered.

**KLEURLYN**

In twee-derdes van die Amerikaanse state is daar wetgewing wat kleurskeiding maak. Die afgelope week het daar byvoorbeeld in St. Louis gevegte by 'n swembad uitgebreek tussen blankes en negers. Die gevegte het begin nadat 'n swembad wat voorheen alleen vir blankes was, ook vir negers oopgestel is. Na die oproer, waarin 13 persone beseer is, is die bevel herroep sodat die ou beleid van aparte swembaddens vir die rasse weer toegepas word.

As Amerikaners dan met hul vinger na die Unie wil wys oor sy kleurbeleid wat deur vyande vertolk word as onderdrukking, moet hulle eers die hand in eie boesem steek.

## MINDER IMMIGRANTE NA DIE UNIE

Daar het gedurende April vanjaar 1,095 immigrante die Unie binnegekom, wat die totale getal immigrante gedurende die eerste vier maande van vanjaar op 6,188 stel, volgens statistiek wat onlangs deur die Kantoor van Sensus en Statistiek gepubliseer is.

Die getal immigrante was gedurende die eerste vier maande van vanjaar minder as die helfte van die syfer vir die eerste vier maande verlede jaar, toe daar 12,521 immigrante die Unie binnegekom het.

Gedurende die eerste vier maande van vanjaar het 20,475 besoekers met vakansie in die Unie aangekom, vergeleke by 18,027 gedurende dieselfde tydperk verlede jaar, en sakebesoekers het 3,322 en 3,875 respektiewelik vir hierdie twee jaar beloop.

## Afr. Lokomotiewe

(vervolg van bladsy 3, kolom 3)

Die Voortrekkers was gelukkig — hulle kon hul staat volgens hulle staatsopvatting elders gaan bou. Ons taak is moeiliker — ons moet 'n staat volgens ons staatsopvatting hier bou en hier is reeds iets anders — net ons besef dit nie. **Die Afrikaanse lokomotief is vir ons so mooi dat ons die Engelse treinspoor nie raaksien nie.**

# Depressie Eintlik Russe Se A-Bom

**Wat daar in die binnekringe van die politieke leiers van Amerika en Rusland gedink word en wat hulle van mekaar se sterkte dink, word weergegee in die gewoonlik goed ingeligte Britse blad, Intelligence Digest.**

**Pres. Truman se adviseurs het hom ingelig dat die Russiese militêre produksie tans baie groter is as dié van die lande van die Atlantiese Verdrag, maar dat sy produksie van verbruikersgoedere baie laer is.** Maar daarby word gevoeg dat die moontlikhede van die Atlantiese lande om oorlogs- en verbruiksgoedere te produseer, baie groter is as die van Rusland. Die Wit Huis is daarom taamlik optimisties oor die toestand.

**Die Amerikaanse politieke leiers is oortuig daarvan dat Rusland die atoomgeheim ken en nou in staat is om so 'n bom te maak, maar dit sal dan alleen vergelyk kan word met die soort atoombom wat op Hirosjima afgegooi is, en nie met dié wat tans in Amerika gemaak word nie.** Verder meen die Amerikaners dat as Rusland reeds die atoombom vervaardig, hy van nou af tot in 1952 nie die voorraad atoombomme kan produseer wat Amerika reeds opgegaar het nie. Daarom verwag hulle nie dat Rusland sal oorlog soek nie.

**TWYFELAARS**

Daar is egter ook adviseurs wat meen dat die Amerikaanse gevolgtrekking te optimisties is en dat as Rusland agterkom dat hy agter raak by die Weste, hy sal toeslaan.

Die Russe aan die ander kant het ook hulle mening oor die saak. Die getuienis word hoofsaaklik verkry van Russiese amptenare en offisiere wat uit Rusland na die Weste ontsnap het.

Die Russe se oorlogsproduksie is geweldig groot en sy hele militêre program is op oorlog toegespits en die amptenare en offisiere word gewoond gemaak aan die idee van oorlog. Verder word die volk oorstroom met propaganda dat hulle oorlog moet verwag as gevolg van kapitalistiese agressie en dat hulle moet glo in 'n Russiese oorwinning.

**DEPRESSIE HUL WAPEN**

Die Russiese leiers stuur egter nie af op 'n onmiddellike wêreldoorlog nie. Hoewel hulle teleurgestel is oor baie teenslae wat hulle in die buiteland ontvang, glo hulle dat hulle tog met die huidige metodes hul doel sal bereik. **Die Russiese leiers heg groot waarde aan die idee dat die Weste in 'n ekonomiese krisis sal verval en dat hulle dan hul slag kan slaan.**

Verder word grootliks staat gemaak op die oorweldigende mannekrag wat hulle in Sjina kan kry om hul doel te bereik in die Ooste.

# EENSGESINDHEID DIE BESTE HULDE

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:**

Onlangs was daar 'n byvoegsel tot „Die Taalgenoot" (amptelike orgaan van die A.T.K.V.) met die opskrif: „Ons Woord is ons Eer" dit is i.s. fondse vir die Generaal de Wet-monument.

Hoewel ek persoonlik besonder saamvoel in sover dit die oprigting van so 'n monument betref, doem die gedagte onwillekeurig by 'n mens op: Is **dit** dan die enigste metode om ons helde te huldig, is dit nie veel beter om in die huidige lewe eensgesindheid en naasteliefde te beoefen nie?

Wat kan 'n stuk koue graniet beteken as ons helde eers in hul graf rus? Van hulle selfs daar gebring deur moedswillige, kwetsende onwaarhede toegevoeg deur volksgenote. Selfs die Psalmis het uitgeroep: „Want in die dood word aan u nie gedink nie; wie sal u loof in die doderyk?"

Ons gedagtes gaan verder en ons dink aan die geskiedkundige monument wat in die nabye toekoms moontlik 'n tweetalige onthulling te wagte staan. Sê nou, die kranige genl. De Wet moes **dit** beleef, sou dit sy goedkeuring weggedra het?

Geld die woorde „Ons Woord is ons Eer" dan nie vir ons hele volk nie? Waarom dan die verguising en vernedering aan die leiers en lede van die Ossewabrandwag, wat juis dáárdie woorde so naarstiglik nastrewe? Waarom is hulle dan nie goed genoeg om op „speaking terms" met hul mede-Afrikaners te verkeer nie?

Enige weke gelede ontmoet ons 'n vriend wat 'n groepleier van die H.N.P. is, tot ons verbasing voeg hy ons dadelik met sarkasme toe: „ek kom sien julle een van die dae en my beste hoop is, dat julle **nou** anders sal praat. Onthou God is besig om ons volk terug te bring." Ons het dadelik begryp dat hy sinspeel op die kleinlike berigte as sou ons K.G. die O.B. oorboord wil gooi vir persoonlike ambisie, en vra hom toe wat hy reken ons tot so 'n stap sal dwing. Beskaamd het hy sy kop laat sak, moontlik het hy toe eers besef dat God **waarheid** lief het.

'n Jong man het my man oor dieselfde saak kom spreek, hy is nie lid van die O.B. nie en nadat hy homself oortuig het dat die storie uit die lug gegryp is, het hy verontwaardigd gesê: „ek stel nie belang in

(vervolg in volgende kolom)

## IMMIGRASIE EN... „SILWER KOEËLS"

**J. H. R., Heidelberg, Tvl., skryf:**

Na in die pers berig was, het ons nasionale regering in die tydperk Januarie tot Maart 1949 4,058 Britte teen 382 Hollanders en slegs 95 Duitsers die land ingevoer.

Ons het verneem dat die huidige regering alle immigrante baie deeglik gaan keur en dat slegs die allerbeste materiaal hier toegelaat gaan word. Moet ons nou waarlik glo dat die Angelsaksers in die verhouding van 4,058 tot 477 **beter** is as Dietse rasse?

Ons het voor die algemene verkiesing tot vervelens toe gehoor dat die Smuts-regering deur middel van immigrante die „Afrikanerdom gaan onderploeg"! Daar het sedert sy bewindsaanvaarding 'n wonderbaarlike wederkerige liefde ontwikkel tussen hierdie regering en „Moeder Engeland" en hierdie rooiwarm ge-importeerde Angelsaksers kom nou seker vir ons help om die Republiek uit te roep — seker die „Silwerkoeëls" waarvan ons vroeër gehoor het . . . of wat prâát ek alles!

(vervolg van vorige kolom)

partye nie maar wel in my volk, waarom doen verantwoordelike persone sulke dinge, waarom word die saak nie van beide kante verduidelik nie? Ons het tog immers reg om self te kies."





„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook."

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

## IN MEMORIAM

**KAMFFER.** — Ons dink terug aan 26 Junie 1943, toe dit die Heer behaag het om van ons weg te neem ons dierbare vader en eggenoot, Frans.

Donker wolke vol van smart
Bots soos golwe teen ons hart;
En dit breek en skeur die wond
Wat so vars bly in ons hart.

—Nellie en kinders, Bellville. 29/6/1.

**VAN DYK.** — Onvergeetlik sal vir ons bly die koue, vroeë môre van 23 Junie 1948, toe die Heer van ons weggeneem het ons geliefde eggenoot en vader.

Lei U ons maar hier benede,
Dan vertraag geen las of skrede.
Wat is aardse leed en stryd
By die vreugde in ewigheid?

—Steeds treurende eggenote en Ben, Roodepan, Lichtenburg. 29/6/1B.

**DU TOIT.** — Na 3 jaar van groot droefheid en die teerste verlange, gryp 30 Junie 1946 ons weer aan met sy onvergeetlike offer, ons innige geliefde eggenote en moeder, **Marie**, so hartverskeurend van ons geëis. Ons kan en mag en sal u nooit vergeet want u dierbare nagedagtenis sal vir ons sy onaantasbare deug van opofferende liefde behou tot die dag wanneer ons saam in u Hemelse vreugde sal deel. Totsiens liefling. — Haar bedroefde en verlangende eggenoot en kinders, Eddie, Moreen, Kokkie en Martin. 29/6/1.

## ALGEMEEN

**AANDAG!** Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage. Adresseer u produkte B/UTH en wees verseker van beste resultate en onmiddelike uitbetalings. — **U. S. Bellingan.** 9/3/49 TK

## SOEK TE HUUR

'n Bejaarde blanke man, streng sober, pensionaris, Christelik, wil huur — verstaan duidelik — 'n stil aparte huis van twee of drie vertrekke op plaas of dorp in die Unie of buitekant die Unie. Sal opsig hou in afwesigheid van eienaar. 29/6/1.

## TE KOOP

(1) **Te Koop:** Ek bied weer aan my twee maande oud Wit Leghorn hennetjies asook 40 swart Austrolorps, verkrygbaar einde Julie. Prys 6/6 elk, k.m.b. Gelewer Lichfield Halt. Hokke moet teruggestuur word. **Mev. P. C. de Coning,** Alpha, Indwe. 29/6/2B.

(2) **Te Koop:** Een Moe's broeimasjien (250 eiers). In goeie toestand, teen £15. — **Mev. P. C. de Coning,** Alpha, Indwe. 29/6/2B.

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

## BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store, Elim, K.P.** T.K.

**DEKRIET: DEKRIET:**— Stuur u bestellings vir Dekriet aan ondergetekende. Net die beste gehalte riet onder persoonlike toesig word gelewer. **J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia.** 22/6/4.

## GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

## GENEESMIDDELS

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. —Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREW SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

## MEDISYNE

**BLY JONK.** Gryshaarwonder verras die wêreld. Herstel gryshare tot natuurlike kleur, verwyder skilfers, ens., of geld terug. Geen kleurstof. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 3) 2/3/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.** 19/1/TB

## AFRIKANERS!! AANDAG!!

**DIE VOORTREKKER KUNS ALMANAK 1950** wat op elke blad 'n pragtige prent van 'n toneel uit die dae van die Voortrekkers deur Victor Ivanoff met beskrywing van elke toneel. Beslaan 13 maande, nl. Desember 1949 tot Desember 1950 met pragtige simboliese afbeelding van die Monument op die voorblad. Groot formaat 20 x 12½ duim. Prys nou asvolg van verhoogde drukkoste 10/6 posvry, K.M.B. Wil u graag een besit, bestel dan asseblief dadelik van: **J. F. Stemmet,** Kloofhuis, Knysna.

Ook die Volkstamlys of Voortrekker-familie-register met pragtige kleur afdrukke „Volks Monumente, Voortrekkerhelde en Presidente". Grootte 18 dm. x 28 dm. volledig geraamd. Prys 59/6 posvry. Gedeelte winste gaan aan Boerejeug. **J. F. Stemmet,** Kloofhuis, Knysna. 29/6/1.

## BOEKE

Goeie gesonde Afrikaanse boeke deur erkende skrywers. „Geagte ouers is u besorg oor die Sedelike Lewe van u kinders", bestel dan asseblief dadelik vir hulle Die Ideale Vrou, prys 3/6 en Die Weg van 'n Man, prys 5/-.

Die nuwe Kinder Bybel bevattende 168 afgeronde Bybelverhale, 21 volblad kleurplate en 'n baie groot aantal penseeltekeninge. Prys 19/9.

My Dankie Sê Boekie, 'n pragtige boekie met vyftien Dankgebedjies in die vorm van versies met 'n portret van regte kindertjies by elke versie. Prys 2/9. Pryse almal posvry. Nog vele ander kinderboeke, ens. Bestel van: **J. F. Stemmet,** Kloofhuis, Knysna. 29/6/1.

## AANDAG! VRIENDE!

Het u enigiets nodig soos yskaste, wasmasjiene, politoerders en stofsuier, stowe, draadlose, meubels, waterverwarmers, beligtingplante, kinderwaens, tik- en afrolmasjiene. Dit alles op baie maklike terme. Meld net wat u benodig en ek sal u met gratis raad bedien.

## TE KOOP: KLAVIERE

Die beroemde Pohlman en Brastad te koop teen slegs 15 persent van kontantprys as deposito en balans oor terme 4 jaar. Ander musiekinstrumente ook teen 15 persent deposito en terme 2 jaar. Omtrent alles skryf aan: J. F. Stemmet, Kloofhuis, Knysna. 29/6/1.


A.V.B.O.B.

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

**WAPENS EN AMMUNISIE**
**van alle soorte**
Groot voorraad .22-Gewere
★
**Manie de Villiers,**
**Plaza-Toiletsalon,**
Voortrekkerweg 102A - PAROW
Telefoon 98-9161
28/8/TK


# APTEKE MET MIDDELS TEEN BOSE GEESTE

**Dat mens in hierdie beskaafde wêreld met sy moderne geneesmiddels nog leeu- en likkewaanvet te koop aangebied word as „geneesmiddels" teen jig en ander pynlike kwale, vind die gewone persoon wat sy medisyne van fyn dametjies agter glastoonbanke koop, besonder raar. Tog kan hierdie primitiewe preparate waaraan Tjaka en Dingaan waarde geheg het, teen 'n redelike prys in Kaapstad bekom word wanneer jy jou geloof in die moderne geneesmiddels verloor.**

In die hoofweg na die Noordelike voorstede is daar meer as een van hierdie eienaardige apteke wat mens eintlik sou verwag het om in Swasiland of Basoetoeland aan te tref.

### BAIE KOOP

Dat die naturelle van die Kaapse Skiereiland te midde van die polsende blanke beskawing nog nie hul bygelowigheid en geloof in die „medisyne" van hulle vaders verloor het nie, blyk uit die winsgewende bedryf van die naturelle-eienaars van hierdie twee plekke. Maar dit is ook nie die naturel met die blink klere van die witman wat hulle medisyne hier koop nie, maar nog die wat verkies om hulle eie taal te praat en liewer met die voet werk-toe loop as om met 'n bus te ry.

By hierdie plekkies, wat nieteenstaande hulle verskuildheid tussen die vuil geboue, skynbaar goed bekend is onder die naturelle, kan hulle leeuvet, likkewaanvel, of 'n stuk slangvel koop wat besondere genesende krag sou hê. Of dit werklik vir die kwale help, val sterk te betwyfel, nogtans word dit deur baie naturelle gekoop.

### TEEN GEESTE

Ook diegene wat glo dat hulle getoor is, of dat een of ander vyandige dit in die kop mag kry om 'n bose gees op sy spoor te sit, kan hier mengsels van kruie en boomwortels koop wat teen enige „gees" bestand is, so beweer die eienaars. Alleen die ingewydes in die naturelle-gebiede sou weet watter boom se wortel en watter bossie se blare dit is, so word met groot geheimsinnigheid beduie. Vir die blanke wat in die middels mag glo, lyk die mengsels grieselrig genoeg om hom dadelik van sy bygeloof te genees.

Mens staan verbaas oor die groot verskeidenheid middels wat hier aangebied word. Daar is verdroogde blare, tiemiestingels, bossies wilde-als, stukke wortels waaraan die grond nog kleef, sommige heel, ander in poeier vorm, slagvel, leeuvet, seekoeispek, likkewaanvel, stukke harige vel van onbekende afkoms, aasvoëlpote, slagtande, stukke katvel en murgbene.

Benewens hierdie voorwerpe is daar ook vloeistowwe waarin 'n dik pap dryf en waaraan geen agterdogtige waag om te proe nie. Tog beweer die eienaars dat hulle 'n redelike omset het en dat daar selfs blankes onder die klandisie is. So kom een ou grysaard glo gereeld tiemie of wilde-als by en van die „apteke" koop. 'n Ander beweer dat blankes soms ook likkewaanvel koop, maar mens voel geneig om dit met 'n knypie sout te neem.

### „MAG NIE PRAAT"

Om die regte atmosfeer te skep sodat die bygelowige klante nog meer waarde heg aan die genesende krag van leeuvet en likkewaanvel word die besoeker met 'n mate van geheimsinnigheid ontvang en vrae op dieselfde manier beantwoord „omdat ons nie graag daaroor praat nie."

Waar die goed vandaan kom? Dit is 'n geheim wat nie verklap mag word nie. Sommige van die kruie, so vertel hulle kom uit die Karoo terwyl die slangvelle en verskillende soorte vet uit die distrik van Pietersburg verkry word. Ander kom weer uit die naturellegebiede waar dit opgedis word.

Maar selfs in hierdie winkeltjies het die medisyne van blankes ingedring. Orals tussen die „kaffermedisyne" sien mens botteltjies pille van bekende fabrikaat.

### WETGEWING

Ten einde wanpraktyke in verband met naturelle-medisynes teen te gaan, het die Minister van Naturellesake onlangs 'n wysigingswetsontwerp ingedien wat sekere soorte advertensies van naturellemedisyne wil verbied. Die Minister het verklaar dat dit nodig geword het met die oog op die wydverspreide handel in die soorte „medisyne". Alle soort stowwe en mengsels word geadverteer en verkoop teen verskillende pryse, byvoorbeeld: £3 10s. vir sukses met visvang; £3 5s. vir beskerming teen toordery; £2 10s. vir die aanlok van klandisie; £2 10s. om mense van jou te laat hou; £2 10s. vir „Sindwani-vet" — Sindwani is 'n fiktiewe dier wat in naturellemitologie bestaan; £1 vir sulkes met dobbel en kaarte; £1 10s. wat sal veroorsaak dat 'n meisie jou liefkry en dat sy haar ander minnaar sal laat staan; ens.

Reeds in 1945 was daar in Natal 'n hofsaak in hierdie verband waar iemand aangekla is van vervalsing en by hierdie geleentheid het die regter die hoop uitgespreek dat daar iets teen hierdie praktyk gedoen sal word.

## *MAG NIE MEER ADVERTEER*


*Pragtige Modelle*
**in Winteruitrusting**
**BY**

Steyns

**Die Modewinkel**
**PAROW**

**VERVOERDIENS**
*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*
**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MôREMARK (Posbus 7185) Newtown**

Kotzé

**Het nou so pas sy groot verskeidenheid winterstowwe uitgepak, en nooi sy ondersteuners vriendelik uit om dit te kom besigtig.**

**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**


## KONING SE KOP WORD VERVANG

Die kop van die Britse koning sal in die toekoms nie meer op Indiese geldstukke verskyn nie. Dit sal vervang word deur 'n kenteken wat eie is aan die geskiedenis van Indië, naamlik die pilaar van Asoka. Dit bestaan uit 'n klipstapel met drie leeukoppe en twee bulle met 'n wiel in die middel. Asoka was een van die bekende Indiese vorste in die derde eeu voor Christus.

## BOEREJEUG:

## VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats het gedurende die afgelope week verjaar. Ons wens hulle van harte geluk.

**JUNIE**

23 Jacobus Pieterse, Paarl.
24 Hybrech Olivier, Troyville, Johannesburg.
Aletta Eksteen, Groot Marico.
Elsbeth le Roux, Wellington.
25 Johannes Swanepoel, Beaufort-Wes.
Nicolaas van der Westhuizen, Dist. Vryburg.
Johan Nortje, Oudtshoorn.
Johanna Coetzee, P.K. Boshoek, Tvl.
26 Clarien Beneke, P.K. Afrikaskop, O.V.S.
Ella Fourie, Sutherland.
27 Marie Retief, Wellington.
Estie Maree, Noorder Paarl.
Jurgens Nortje, Oudtshoorn.
Maria Coetzee, Belgravia, Johannesburg.
Maria du Toit, Zeerust.
Robert Strachan, Middelburg, Tvl.
28 Martie Venter, P.K. Mooinooi, Tvl.
Hester Arangies, Paarl.
Niel Malan, Hugenoot, Paarl.
Johanna Nieuwoudt, Dist. Vryburg.
Marietjie Weideman, Cradock.
29 Johan von Weilligh, Agter Paarl.
Johanna Byleveld, Paarl.
Dorothea Welthagen, P.K. Mooinooi, Tvl.
30 Anna Kilian, Middelburg, Tvl.
Martha Rossouw, Wellington.
Hester du Toit, Cedarville, O.G.
Albert Muller, Paarl.
Freda Louw, Suider Paarl.

(vervolg van bladsy 7, kolom 5)

Rangteken word op linkerbors van rok gedra.

Duitse-sis is teen 3/3 per jaart verkrygbaar by Boerejeughoofkwartier, Posbus 3471, Kaapstad (kontant met bestelling).

**Offisiere (d.w.s. Assistent veldkornettes en hoër) van die dogters-afdeling kan nadere besonderhede van hulle drag by Boerejeug-hoofkwartier op aanvraag kry.** Die drag hierbo beskryf is slegs vir Boeredogters (manskappe) en is die enigste erkende drag vir sulke persone.

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 29 JUNIE 1949

# NA SLAG VAN SPIOENKOP

## Kapt. Slegtkamp Vertel

**Soos ons verlede week beloof het, begin ons in hierdie uitgawe weer met die vertellings van kaptein Henri Slegtkamp, die Held van Spioenkop. 'n Reeks van sy vertellinge het, soos maats sal onthou, in Vuurslag verskyn. In die dele wat hierdie hoofstuk voorafgegaan het, het kapt. Slegtkamp die verdediging van Spioenkop behandel. Die verhaal begin omstreeks 11 Januarie 1901. Volgens skatting was die Britse magte langs die Tugela sowat 20,000 sterk terwyl die Boeremagte 14,000 man getel het. Die slag het op 15 Desember begin. Die Boere het die Britse magte ingewag totdat hulle sowat 500 tree van hulle af was en toe begin losbrand. Die slag was 'n groot oorwinning vir die Boere. In hierdie hoofstuk vertel kapt. Slegtkamp onder meer van wat na die slag plaasgevind het. Lees nou verder.**

Daar gewaar ek dat Wolfaard nog leef. Ek vra een van die burgers om te help, maar ons was nog nie by Wolfaard nie of hy kry die doodskoot. Hoe ek gevoel het, kan julle miskien verstaan — dat ek tot nog toe so gelukkig daarvan afgekom het! Eensklaps skiet die woorde van kaptein Pretorius my weer te binne: „Seun, as dit nie jou tyd is nie, sal 'n Engelse koeël jou nie raak nie."

Die hele dag het die geveg en kanonnegebulder aangehou. Teen die aand verminder die vuur, en daar ek al van die oggend vroeg in die geveg was, sonder kos en nagenoeg uitgeput, besluit ek om af te gaan en iets te ete te soek. Ook was ek onrustig oor my perd wat ek die môre onder die berg laat staan het. Ek kon hom nêrens kry nie, en doodmoeg kom ek toe eindelik by ons laer aan. Dit was taamlik stil onder die burgers: die een het 'n broer verloor, die ander 'n vader of 'n seun of 'n vriend, en ook ek het dieselfde ondervind.

Nadat ek iets genuttig het, raak ek doodmoeg aan slaap. Ongeveer een-uur die nag word ek wakker, baie onrustig oor my perd, want as die vyand die nag nog op die kop sou bly en weer begin aanval, sou ons dit nie kon maak nie, daar byna alles uitgeput was. Intussen het ons egter nie geweet dat dit met die vyand ook maar ongeveer dieselfde geval was nie. Na lang gesoek kom ek af op die nog opgesaalde perd van Jack Hindon. Ek spring op sy rug en kry ook die perd van De Roos. My veronderstelling was dus dat my maats ook maar in die nabyheid moes wees, en nadat ek 'n paar keer geroep het, kry ek antwoord en was baie bly om hulle albei weer in lewe en gesondheid te sien. Hulle het die dag van Elandslaagte gekom, net betyds om aan die geveg deel te neem. Daar die dag al begin te breek, ry ons tesame weer na die gevegslinie en was verwonder om alles daar so stil te vind. Daar was ook al meer van ons burgers, maar die vyand het die nag gevlug, en hul dooies agtergelaat. Wat 'n ellendige toneel: In die skanse lê 1,200 tot 1,300 lyke — dit was terselfdertyd hul graf, want die slote is slegs toegegooi. 'n Paar Engelse dokters was besig om die wapen-nommers op te neem. Een van die jong burgers wou die geweer wat 'n dooie soldaat nog in sy hand hou, met die stywe vinger om die sneller, afneem. Met die wegtrek gaan die skoot egter af en tref hom in sy bors. 'n Dooie soldaat skiet dus nog een van ons burgers, daar die geweer nog gelaai was.

In die verte sien ons die magtige Engelse leër op die vlug, maar om hulle verder geheel te verslaan deur agtervolging was buite die kwessie, want die burgers was gedaan daar ons al nagenoeg agt dae gedurig in geveg gewikkel was. Terwyl ons in dié benarde geveg gewikkel was, het generaal S. Burger met sy kanonne egter gevlug sonder om generaal Botha daarvan in kennis te stel.

Die hele slag van Spioenkop was slegs met vrywilligers uitgevoer behalwe polisie en artillerie. Dié wat die kop reg van voor, waar die geveg die swaarste was, gestorm het, was maar omtrent 300. Hoeveel daar op ander plekke was, weet ek nie, want op meer plekke is daar geveg.

Teen die middag is ek aangesê om saam met nog 'n paar van Edwards-korps, asook my maat De Roos, die gevangenes (waaronder ook kaptein Carleton, 'n broer van kolonel Carleton wat by Ladysmith gevang is) na Pretoria te vervoer, en teen vieruur vertrek ons reeds — die Engelse almal op waens en ons te perd. Die volgende môre omstreeks elf-uur kom ons te Elandslaagte. Daar is die soldate almal in goederewaens gesit en die deure gesluit.

In Newcastle sou ons oornag, daar die trein nie in die nag mag loop nie. Op Standerton sit ek by kaptein Carleton in 'n eersteklas rytuig toe ek 'n geraas op die stasie hoor. Ek gaan uit en sien 'n klomp vrouens en tussen hulle 'n man wat vloek en skel op die arme prisoniers. Ek was baie verontwaardig, kom nader, en net toe hy weer die arme goed slegmaak, gee ek hom 'n harde hou op sy kop en sê hom dat as hy op Engelse wil vloek hy na Spioenkop moes gaan, want daar is baie, maar sy soort is te lafhartig daarvoor. 'n Engelse dame vra my toe of sy die soldate nie iets mag aanbied nie. Ek gee toestemming en laat hulle almal uitkom na die kafee — dit was eintlik teen die reëls, maar ek was jammer vir hulle. Hulle kry toe almal koek en koffie en is daarna so gou moontlik weer in die waens.

In Pretoria is al die prisoniers oorgegee aan die polisie, kaptein Carleton afsonderlik. Soos gewoonlik is hy egter direk omring deur 'n trop kwaaijongens en vra ek toe die konstabel om 'n huurrytuig te laat kom. Toe hy egter vir my sê dat hy nie bevele daartoe ontvang het nie, roep ek self 'n rytuig by die stasie en sê hom dat hy die offisier en die konstabel moes neem na die plek waar die konstabel hom sou sê. Toe die Kaptein instap, gee hy my sy kaartjie en skryf daarop dat as ek ooit krygsgevangene word, hulle my moes behandel soos 'n „gentleman".

Ons taak om die gevangenes in Pretoria af te lewer was dus afgehandel.

(Word vervolg)

## Transvaalse Boerejeug Geesdriftig Vir Monument-Laer

**Vanuit alle dele van Transvaal ontvang ons nou berig dat die Boerejeug daar hard aan die werk is vir die laertrek wat teen die einde van die jaar tydens die Voortrekkermonument-onthulling gehou sal word.**

**Die Boerejeug is van voorneme om hulle eerste Uniale laertrek dan te hou.**

**Die Redaksie van Die Boerejeug sal bly wees om meer berigte van voorbereidingswerk vir genoemde laertrek te ontvang.**

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
29 Junie 1949.

Beste Maats,

Verlede week het ons onderaan ons brief vir komdt. Gerard en Basie gevra wanneer ons dan van hulle hoor. Wat was die verrassing toe groot toe hier, net nadat ons ter perse gegaan het, 'n brief met 'n lang verslag van komdt. Gerard aankom. Baie dankie kommandant, ons hoop dat u vir Johanna Leeuwner aangestel het as korrespondente. Aan die ander maats ook baie dankie vir al die briefies.

Van „**Vorentoe**", **Upington**, skryf maat **Franci du Preez** dat sy bly is dat ons Boereseuns en -dogters darem ook 'n plekkie in DIE O.B. gekry het waar ons na hartelus met mekaar kan gesels. Van die jongste uitgawe van ons Offisiers-blad, „VUURSLAG" hou sy ook baie en soos meeste van ons maats stel sy baie belang in die toetse wat afgelê moet word om 'n goeie offisier te kan wees. Franci wil ook graag weet of daar 'n speek vir kuns afgestaan kan word, sy dink bv. aan musiek, digkuns en skilderkuns. (Ons het met Boerejeughoofkwartier gaskakel, en hulle deel ons mee dat musiek en digkuns sorteer onder die afdeling „reëlings vir 'n kampvuur", wat weer 'n onder-afdeling is van LAERDIENS. So word skilderkuns ook weer ingedeel onder die afdeling ARBEIDSDIENS, en gaan saam met onderwerpe soos houtwerk, fotografie, naaldwerk, ens. Toetse sal op laertrekke afgelê word. Baie dankie ook vir die oulike gedig. Ons plaas dit sodra daar weer plaasruimte beskikbaar is.—Red.)

ASST.-VELDKORNET J. BOTHMA van UNIESTRAAT 8, OUDTSHOORN skryf dat hy 'n tydjie gelede gelees het dat ons om idees vra. Hy stel voor dat ons 'n uitruilhoekie aanskaf waar maats mekaar kan help om uitknipsels, kiekies, seëls, ens. te bekom of uit te ruil. (Dankie vir die baie goeie idee, maat. Ons kan sommer dadelik daarmee begin.—Red.)

Maat DANIE DU TOIT, NOOITGEDACHT, Dist. CALEDON is een van ons jonger maatjies van wie ons ook 'n briefie en 'n lang verslag ontvang het. Ongelukkig, en ons is regtig jammer daaroor, het ons al 'n verslag oor dieselfde funksie in ons vorige uitgawe geplaas. Danie vertel hoe baie hulle uitgesien het na die kampvuur en hoe baie hulle dit geniet het. Dit was glo baie prettig toe „My hoed die het drie Rante" gesing is. Danie het aan komdte. Fouché gesê dat hulle gerus 'n laertrek kan reël sodat hulle die ander Boerejeug ook kan uitnooi en weer so 'n lekker kampvuur kan hou. (Dit sal sommer lekker wees om so 'n lekker kampvuur saam met julle te kan hou, Danie, jy moet vir Komdte Fouché weer daaraan herinner en ons laat weet, hoor. —Red.)

Hartlike Boerejeug-groete,
BOEREJEUG-REDAKSIE.




Sleutelsteenteken.

## Drag van die Boereseuns-afdeling

### Boerekleingoed, Boereseun, Onderoffisier

1. **Broek:** Groen-kakie kortbroek, met breë (2 duim) bruin lyfband.
2. **Hemp:** Groen-kakie hemp; twee sakke met klappe; opgerolde moue; sagte boordjie; skouerlissies.
3. **Das:** Donkergroen das met O.B.-wapen as dasspeld (vir seuns bo 12 jaar).

   **Nekdoek:** Vir die Kleingoed — 6 tot 12 jaar: Donkergroen kortpunt nekdoek onder die hempskraag gedra. Punte voor aanmekaar geknoop en onder lyfband ingesteek. Swart hout nekdoekringetjie, ongeveer ½ duim wyd.
4. **Kopstuk:** Breërand Kakiegroen hoed met regterkant opgeslaan, met 'n volstruisveer waarvan 1 duim uitsteek.
5. **Skoene:** Bruin skoene met lang kakie sokkies.
6. **Kentekens:**
   (a) Wapen aan opslaankant van hoed gedra.
   (b) Sleutelsteen word op beide kante van die hempskraag gedra.
7. **Rangtekens:**
   Sersant: Drie wit strepies (wit materiaal, elk ¼ duim breed en 1½ duim lank), bomekaar.
   Korporaal: Twee wit strepies bo-mekaar gedra.
   Rangtekens word op linker mou (bo-arm) van hemp gedra.


Die volledige uniform vir die seuns-afdeling (uitgesonderd die nekdoek vir die kleingoed) is teen £4 12s. 6d. by Boerejeughoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria, verkrygbaar. Meld asseblief die mate. (Kontant met bestelling.)


## Drag van die Boeredogters-afdeling

### Boeredogters en Boerekleingoed

1. **Rok:** Volgens afbeelding A.
   (a) **Materiaal:** (1) Donkerblou Duitse-sis met klein ontwerpie in wit. (2) Donkerblou voering vir rok.
   (b) **Versiering om hals en** (Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)
moue: Wit kantjie.
(c) **Lengte van rok:** Op die knieskyf. Kleingoed ietwat korter.
(d) Rok kom agter oop: vasgemaak met hakkies en ogies. Voor met twee koordjies.
2. **Voorskoot:**
   (a) Volgens afbeelding D.
   (b) Materiaal: Wit linne.




   (c) Lengte 2 duim bokant lengte van rok.
3. **Mantel:**
   (a) Volgens afbeelding C.
   (b) Materiaal: Enige donkerblou materiaal wat maklik drapeer. Voering donkerblou.
   (c) Lengte: Tot by heupe.
   (d) Word voor vasgemaak met hakkies en ogies.
4. **Kappie:**
   (a) Volgens afbeelding B.
   (b) Materiaal: Wit linne.
5. **Skoene:**
   Plathak swart toerygskoene.
6. **Kouse:**
   Wit sokkies sonder strepe.
7. **Kentekens:**
   (a) Wapen as borsspeld.
   (b) Sleutelsteenteken op voorskootsak.
8. **Rangtekens:**
   Sersante: Drie wit strepies (wit materiaal, elk ¼ duim breed en 1½ duim lank) bomekaar.
   Korporale: Twee wit strepies.

(Vervolg op bls. 6 kol. 5)

# Twee Gebeurtenisse 'n Les Vir Ons Leiers

**Dit ly geen twyfel dat die Herenigde Nasionale Party se konsiliasie-beleid teenoor die Engelssprekendes 'n kwaai terugslag gekry het tydens die volksraaddebatte oor die Burgerskapswet nie.**

As mens moet oordeel volgens die Verenigde Party se pers en volgens die talryke protesvergaderings dan moet aangeneem word dat die V.P. en sy waarnemende leier, mnr. J. G. N. Strauss, daarin geslaag het om die Engelssprekende blok te konsolideer agter die V.P. en die party se verset teen die Burgerskapswet.

Sedert dr. D. F. Malan die bewind aanvaar het, het sy vryery na Engelse stemme die V.P. se vernaamste nagmerrie geword. En toe dr. Malan verlede maand vanuit Londen teruggekom het as die „redder van die Britse Statebond" en toe hy boonop die ideaal van 'n nasionale republiek verruil het vir die ideaal van 'n Empire-republiek het dit duidelik geword dat die V.P. op een of ander skouspelagtige wyse Britse sentiment teen dr. Malan en sy party sal moet opsweep as hulle wil verhoed dat Engelssprekendes op groot skaal die Verenigde Party verruil vir die Herenigde Party.

In die Burgerskapswet het die Verenigde Party sy gulde geleentheid gesien. En waarnemende leier J. G. N. Strauss het dit aangegryp om 'n landswye agitasie aan te stook. In die parlement het die V.P. 'n volgehoue, taaie en, uit hulle standpunt gesien, suksesvolle versetstryd gevoer. Buitekant die parlement het die Engelse blaaie en die protesvergaderings die Engelse se sentiment tot hoogtepunte van jingoïsme opgevoer. Soveel paniek is ontketen dat sommige Engelse reeds begin pleit dat Kaapprovinsie en Natal uit die Unie moet tree en saam met die Rhodesies 'n nuwe Britse Federasie moet stig!

Dit lyk beslis nie asof die H.N.P. in die nabye toekoms baie suksesvol gaan vry na die Engelse nie.

### ONDANKBAAR

Ek neem aan dat dr. Malan bitter teleurgesteld is met hierdie nuwe verloop van sake. En hy het sekerlik rede om teleurgesteld te wees. Dr. Malan kan met reg die Engelse beskuldig van onerkentelikheid en van ontegemoetkomendheid. Nadat dr. Malan die Afrikaner se republikeinse ideaal van afskeiding van die Britse Ryk of Statebond in Londen prysgegee het en nuut ontpop het as die pleitbesorger van die handhawing van die Britse konneksie — selfs al word Suid-Afrika êrens in die verre toekoms ook 'n republiek, het hy (dr. Malan) tog sekerlik die reg gehad om te verwag dat die Engelse erkentelik sal wees en dat hulle hom tegemoet sal kom oor 'n saak soos die Suid-Afrikaanse burgerskap. Dit behoort tog duidelik te wees dat dr. Malan die sentiment van sy eie mense nie heeltemal kan ignoreer nie.

**DEUR 'N POLITIEKE MEDEWERKER**

Maar die Engelse het verkies om dr. Malan verbitterd te beveg — en dit pas 'n maand nadat hulle en hulle pers in Londen en in Suid-Afrika hom nie hoog genoeg kon roem omdat hy „die lig gesien het" ten opsigte van die Britse Empire of Statebond nie. Tydens die vroeë ure van die nagsitting toe die Burgerskapswet in die Volksraad bespreek is, het dr. Malan waarskynlik gedink aan die waarheid van die spreekwoord dat stank vir dank die wêreld se loon is.

### SUIDWES

**Maar in Suidwes het daar 'n ander gebeurtenis plaasgevind wat vir dr. Malan waarskynlik herinner het aan 'n ander spreekwoord: bloed is dikker as water.** In Suidwes het naamlik volkome eenheid tot stand gekom tussen die nasionaalgesindes op die basis van geen diskriminasie teen mede-Afrikaners nie. In hierdie nuwe provinsie van die Unie het die Nasionale Party en die Afrikanerparty mekaar gevind as gevolg van die belofte van die N.P. om nie te diskrimineer teen Afrikaners wat lede is van die Ossewabrandwag nie.

Ek verwelkom van ganser harte die houding van die Hoofbestuur en die Nasionale Party van Suidwes en ek wil dit as navolgenswaardig aanbeveel by die H.N.P. van die Unie.

**Die Afrikaner vind mekaar in Suidwes en die Engelse ondankbaarheid in die Unie beklemtoon opnuut 'n diepgesetelde waarheid in ons politiek.**

### VERKEERDE BELEID

**Afrikaners mag nie onder mekaar twis nie en een groep mag beslis nie fundementele beginsels verloën om Engelse steun te werf teen die ander groep nie. Dit is die weg van dwaasheid en die weg van ondergang.**

Afrikaners moet saamstaan, mekaar dra en verdra, en as 'n geslote eenheid, met behoud van ons fundementele beginsels, aanbied om met ons Engelssprekende medeburgers saam te werk. Dit sal die Engelse verstaan en waardeer. Die Engelse sal nooit 'n Afrikanerleier verstaan of waardeer wat sy mede-Afrikaners beveg en sy volk se fundementele beginsels verloën nie.

Sodanige Afrikanerleier sal nooit erkentelikheid en tegemoetkomendheid van die Engelse kry nie.

# Afhanklikheid Van Engelse Stemme Gevaarlik

**Die Caledonse kommando en offisiere uit die generaalskap het verlede week Woensdagaand in die Stadsaal op Greyton vergader onder voorsitterskap van hoofkomdt. J. A. Viljoen om te luister na Waggeneraal Max Smuts en na die voorligtingsoffisier, genl. W. R. Laubscher. Heelwat lede van die publiek was ook aanwesig.**

**„Dit is gevaarlik vir 'n nasionale regering om aan bewind te kom met Engelse stemme," het genl. Smuts verklaar. Want sodanige regering kan net aan bewind bly met Engelse stemme, en om aan bewind te bly moet die regering na die pype van die klompie Engelse kiesers dans.** Die gevaar is dat sodanige regering Afrikanersentiment sal veronagsaam ten einde die Engelse sentiment te bevredig en hulle stemme te behou.

Genl. Smuts het gepraat na aanleiding van dr. D. F. Malan se optrede in Londen en sy verwatering van die republikeinse ideaal. Hy het beklemtoon dat die O.B. die roeping het om te strewe en te veg vir 'n skoon republiek buitekant en los van die Britse Statebond.

Genl. Laubscher het gepraat oor die Ossewabrandwag se stryd vir sy bestaansreg en vir sy ideale. Hy het gesê dat die O.B. sal voortgaan om te veg totdat hy onvoorwaardelik aanvaar word as 'n organisasie met 'n wettige en nuttige boodskap vir die Afrikanervolk, en totdat die eenheid, die vryheid en die bestaansveiligheid van die Afrikanervolk en van elke Afrikaner gewaarborg is.

Na afloop van die openbare verrigtinge het die offisiere vergader om reëlings te bespreek vir die kommando's se 8 Augustus-funksies. Die Caledon generaalskap hoop om sy prestasies van die verlede te ewenaar.

Onder leiding van die Boerejeugveldkornette, mev. Fouché, is allerhande lekkernye na die vergadering verkoop ter stywing van die Boerejeugfonds om seuns en dogters in staat te stel om die onthulling van die Voortrekkermonument op Pretoria te kan bywoon.

—(INGESTUUR.)

### TE PAARL

Verlede Dinsdagaand het genl. W. R. Laubscher offisiere en brandwagte van die Paarlse generaalskap ontmoet in die C.J.V.-saal. Genl. C. Pretorius was in die stoel. Genl. Laubscher het gesê dat die aanvaarding van die fundamentele beginsels van die Ossewabrandwag noodsaaklik is vir die selfverwesenliking van die Afrikanervolk.

Die kommando van Wellington en Franschhoek gaan elkeen 'n afsonderlike O.B.-dagfunksie hou en die voorneme is dat die Paarlse funksie gedurende September gehou sal word.

—(MEEGEDEEL.)

# NUWE BRITTE SAL DEURSLAG GEE

Ondanks die feit dat Britse onderdane slegs 'n minderheid van die immigrante uitmaak wat Kanada ontvang, het die Britse pers daarmee gespog dat die deurslag van die verkiesing hierdie week in Kanada deur die 100,000 Britse immigrante gegee sal word. Hoewel Kanada burgerskap eers na vyf jaar toestaan, het Britse immigrante die reg om na 'n jaar se verblyf wel in verkiesings te stem. In hierdie geval sal 100,000 sulke rou immigrante 'n uitspraak kan gee oor Kanada se toekoms, en volgens die Cape Times sou hul uitspraak die deurslag gee in 'n verkiesing wat as baie gelykop voorspel is.

Op watter grond 'n Brit soveel flinker is dat hy binne een jaar 'n oordeelvermoë en vaderlandsliefde kan openbaar wat in die geval van ander nasionaliteite nie voor minstens vyf jaar verwag word nie, moet nog verduidelik word — **behalwe natuurlik as van hom verwag word dat hy in belang van Brittanje moet oordeel en dat sy vaderlandsliefde betrekking op Brittanje moet hê. En dit is natuurlik presies wat agter die agitasie in ons land teen die nuwe wetgewing sit.**

# UIT DIE WEEK SE NUUS

**Die Minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga, vertrek binnekort na Londen vir belangrike samesprekings, die doel waarvan nog nie bekend gemaak is nie, maar wat waarskynlik in verband met handelsbetrekkinge staan. Dit is ook moontlik dat mnr. Havenga later in die jaar na Washington gaan vir samesprekings oor die prys van goud.**

★

**Die Burger het aangekondig dat dr. D. F. Malan, leier van die H.N.P., bedank het as direkteur van die Nasionale Pers omdat sy werksaamhede te veel is. In sy plek is gekies mnr. J. de la R. du Toit, 'n bekende sakeman.**

★

**Die Unie se nuwe ambassadeur in Washington sal mnr. G. P. Jooste wees.** Hy volg mnr. H. T. Andrews op wat onlangs na Parys verplaas is.

★

**Senator A. M. Conroy** het om gesondheidsredes bedank as voorsitter van die Verenigde Party in Kaapland. In sy plek sal waarneem mnr. J. W. Mushet. Sen. Conroy was Minister van Lande in die vorige regering.

**Die provinsiale tussenverkiesing in Bloemfontein-Sentraal sal op 24 Augustus plaasvind.** Die setel het vakant geraak deur die dood van die enigste V.P.-L.P.R. in die Vrystaat.

**Mediese studente en hospitaalpersoneel het die afgelope week vir die eerste keer die voorreg gehad om 'n operasie deur middel van kleurtelevisie dop te hou.** Die operasie is in die Pennsylvania-hospitaal, V.S.A., uitgevoer.

# KOMMUNISTE LAAT POT KOOK IN NOORDELIKE AFRIKA

**Na aanleiding van gerugte dat die naturelle van plan is om 'n aanval op die blankes te maak ter verkryging van „selfregering," het die regering van Kenia die afgelope week militêre voorbereidings begin tref ten einde nie onverhoeds gevang te word as die naturelle onder aanvoering van Kommunistiese agitators hul dreigemente ten uitvoer bring nie.**

**Dit is nou al etlike maande dat daar oproer en onrus in Midde-Afrika voorkom.**

Die polisie in Kenia het inligting ontvang dat daar 'n komplot teen die regering gesmee word, en skynbaar onskuldige opdragte, deur middel van 'n kode, het in 'n naturelleblad in Nairobi verskyn.

Ten einde gesag in te boesem het die militêre owerheid grootskaalse „oefeninge" met lugeenhede bo die naturellereserwes uitgevoer. Onder meer het agt swaar bomwerpers en ander ligte vliegtuie aan die vertonings deelgeneem. Pantsermotors en ander vegeenhede het optogte deur die strate van Nairobi gehou. Naturelle-soldate met skilde het ook hieraan deelgeneem en die bevolking is voorgelig.

Dit is sedert Rusland 'n konsulaat in Abessinië geopen het, dat die onrus onder die naturelle ontstaan het. Dit het sedertdien ook bekend geword dat Abessinië die hoofwartier van die Kommunistiese propaganda in Noordelike Afrika is. 'n Paar weke gelede het 'n wapengeweld ook in Abessinië voorgekom en sowat 300 persone het die lewe gelaat.

**Dit blyk ook nou dat die Tsjeggiese regering in opdrag van Moskou besig is om negerstudente met groot beurse uit Afrika na die universiteite te lok waar hulle opgelei sal word in die Rooi leër van Stalin. Hierdie studente sal dan as hulle terugkeer die kernpunte van die Kommunistiese agitasie wees wat die gedagtes moet voortdra.**

**Ten spyte van wat elders gebeur en van die kennis wat ons dra, sit Suid-Afrika nog steeds met 'n lywige Russiese konsulaat wat weer beskou word as die middelpunt van kommunistiese agitasie in die Suide.**

# Huurbeheer Opgehef

Huise wat teen meer as £12 verhuur word, sal voortaan vrygestel wees van huurbeheer, volgens 'n amptelike aankondiging. Dit word gedoen omdat die toestand wat akkommodasie betref verbeter het, het die Sekretaris van Volkswelsyn verklaar. 'n Tyd gelede is alle huise bokant £16 van huurbeheer onthef.

# Volk Opgesweep

(vervolg van bladsy 1, kolom 5)

te net 'n sekere tydsduur moet hê. **Dit is 'n bewys daarvan dat die oplê van beperkings reeds in die raad in gegewe omstandighede 'n vaste instelling geword het. Dit is dus niks nuuts nie."**

**Inderdaad! As die parlementêre stelsel, wat dr. Malan voorheen „'n karikatuur van die demokrasie" genoem het, nie gekke van mense maak nie, maak hy ten minste van hulle goeie toneelspelers!**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.